Die Voortrekkers

VOORSLAGPROSPEKTUS

2011

Uitgegee deur Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake	November 2010

PROSPEKTUS VIR DIE VOORSLAGKANDIDAAT

Aan die einde van 'n Penkop of Drawwertjie se loopbaan wil elkeen graag aan haar/homself bewys dat sy/hy iets besonders in *Die Voortrekkers* geleer en beleef het. Dit is om hierdie rede dat daar 'n toekenning soos die Voorslag geskep is. Jy het, indien jy kwalifiseer, die geleentheid om in te skryf vir die Voorslagkamp waar jou kennis, vaardigheid en gesindheid getoets sal word. Sou jy slaag sal jy beloon word met die Voorslagtoekenning. **Sou jy nie slaag nie is dit nie die einde van die wêreld of jou Voortrekkerloopbaan nie**, dan was dit slegs 'n hekkie in jou Voortrekkerloopbaan wat jy omgeskop het, daar is egter nog baie hekkies op jou pad wat jy kan en sal oorkom.

Om enige taak in die lewe aan te pak moet 'n mens die regte gesindheid hê en oor die nodige kennis en vaardigheid beskik om dinge te laat gebeur. In *Die Voortrekkers* kry jy opleiding in al drie hierdie rigtings, om aan die einde van graad 7 ons visie te bereik naamlik: Leier van my eie lewe.

Om 'n sukses van jou Voorslagervaring te maak moet jy hierdie prospektus sorgvuldig deurlees en al die opdragte uitvoer.

A MAAK SEKER DAT JY WEL KWALIFISEER

1. Kontroleer jou diensjare om seker te maak jy kwalifiseer. Jy moet 'n ingeskrewe lid van *Die Voortrekkers* wees (met ander woorde, geregistreer wees en ledegeld betaal het vir al die ingeskrewe jare). Onthou al het jy in Graad 7 aangesluit kan jy nog steeds inskryf vir Voorslag as jy aan al die vereistes voldoen.
2. Al die werk in die graad 7 werkboek voltooi het.
3. Kontroleer die Spesialisasies wat jy in graad 4, 5, 6 en 7 verwerf het. Jy het 2 nodig vir brons en ses nodig vir silwer en goud waarvan minstens een 'n C gradering moet wees (**dit sluit nie die Belofte spesialisasie in nie**) en slegs een mag 'n A gradering wees wat jy in graad 4, 5, 6 en 7 gedoen het.
4. Minstens een van die "Belofte" Spesialisasie gedoen het. (Afrikanerkind, Erfgrond, Godsdiens, Medemens).
5. Op bladsy 9 van hierdie prospektus kan jy sien watter vereistes gestel word vir die bywoning van gebiedskampe en gebiedsgoedgekeurde (GGA) naweke.

B AS VOORBEREIDING

1. Skaf die nuutste Graad 7 werkboek aan.
2. Beplan jou Spesialisasies wat nog agterstallig is.
3. Maak seker dat jy die vereiste aantal kampe en naweke bygewoon het, voor jy kan inskryf.
4. Maak seker dat jou erkenningsbaadjie volledig en korrek volgens die reglement is.
5. Teken die volgende datums in jou dagboek aan:
   - Wanneer die afronding van die oord/kommando is. Vra jou offisier.
   - Wanneer die Voorslagkamp van jou Gebied is. **NB** Jy mag ook die Voorslagkamp van 'n ander Gebied bywoon indien datums met ander aktiwiteite bots.
   - Wanneer jou inskrywing by Gebiedskantoor moet wees.
6. Stel vas watter sertifikate en/of bewysstukke die inskrywing moet vergesel. Maak seker dat dit beskikbaar en gereed is.

7. Alhoewel jy nie 'n skriftelike vraestel gaan voltooi nie, word alle teorie tog op een of ander manier geëvalueer. Jy sal dus tyd moet spandeer om seker te maak dat jy alles onthou wat jy geleer, bespreek en beleef het.

   Op die Voorslagkamp sal vrae op verskillende praktiese maniere aan jou gestel word.

   Elkeen verdien sy eie punte. Nêrens word van 'n groepspunt gebruik gemaak nie. Aangesien daar verskillende afdelings is, kan jy by die een opmaak wat jy by die vorige een verloor het. Wees dus goed voorbereid wat jou kennis en vaardigheid oor die inhoud van die Graad 7 werkboek betref.

Wenk. Moenie wag tot net voor die kamp om te begin voorberei nie, dit is te laat. Begin reeds vroeg in die jaar. Beplan jou tyd, jaarprogram en befondsing van die kamp. Vul reeds in jou graad ses jaar 'n P1 vorm in om te sien wat jy nog benodig om te kwalifiseer.

C AFDELINGS WAT GEËVALUEER WORD:

1. Ek as Mens
2. Ek in my Omgewing
3. Ek as Voortrekker
4. Voortrekkerwees
5. Ek as Afrikaner/Landsburger
6. Seremonies
7. Sang
8. Spele
9. Situasies
10. Voortrekkerdrag

1. EK AS MENS

a. Lewensloop
b. Herkoms
c. Groepsdruk
d. Ontwikkeling as leier

2. EK IN MY OMGEWING

a. Kaarte
b. Metodes om rigting te bepaal
c. Kampering
d. Touwerk

3. EK AS VOORTREKKER

a. Geskiedenis van die beweging
b. Wapen
c. Vlag
d. Samestelling en Range
e. Verkenner

4. VOORTREKKERWEES

a. Grondslag
b. Wese
c. Kode
d. Belofte

5. EK AS AFRIKANER/LANDSBURGER

a. Afrikaner vandag
b. Afrikaner eienskappe
c. Geskiedenis /Republiekwording
d. Nasionale lied en vlag

6. SEREMONIES

Jy moet in staat wees om al vier vlagseremonies as seremonieleier en vlagdraer te kan hanteer. Om verwarring en onnodige spanning uit te skakel, vra ons dat jy die standaard (soos in die reglemente en jou graadwielboek beskryf) vlaghysing, vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering sal voorberei, al doen julle by die kommando soms die kreatiewe seremonies.

Hier volg wenke wat jou kan help:

- Vra vir soveel geleenthede as moontlik om as seremonieleier en vlagdraer op te tree.
- Vra iemand wat weet om jou te help.

Leiding oor die bevele en die bewegings sal jy in jou boek vind.

Reëlings voor die seremonie:

- Wys jou funksionarisse aan: 4 vlagdraers 1 saluutoffisier 1 godsdiensoffisier 2 merkers
- Maak seker dat elkeen van hulle weet wat om te doen en waar om te staan.
- Kontroleer beide die vlae om seker te maak dat hulle reg opgerol is. Sou van vlagstokke gebruik gemaak word, kyk of die vlae korrek vasgemaak is.
- Reël met iemand om die Nasionale lied in te sit indien daar gesing word.
- Sorg dat jou Voortrekkerdrag in orde is en sorg dat almal by die seremonie se drag korrek en netjies is.

Tydens die seremonie:

- Praat hard en duidelik.
- Sorg dat jy die bevele ken. Bevele word nie afgelees nie.
- Moenie bevele soos ‘n resitasie leer nie: dink wat jy sê en wag op reaksie van die vlagdraers, Voortrekkers of gehoor.
- Staan regop, kyk voor jou en tree beslis op. Jy is in beheer.
- Hanteer onverwagte foute met grasie deur dit reg te stel en voort te gaan.

Onverwagte gebeure:

Maak seker dat jy weet wat om te doen as die volgende tydens jou seremonie gebeur:

- Die Landsvlag nie ontplooi nie.
- Die Voortrekkervlag nie ontplooi nie.
- Die vlagtou van die Landsvlag loskom.
- Die vlagtou van die Voortrekkervlag loskom.
- Iemand tydens die seremonie flou val.
- Die persoon wat godsdiens hou, nie opdaag nie.
- Die persoon wat die saluut moet neem, nie opdaag nie.
- Die persone wat die vlae hanteer, nie die knope kan maak nie.

Die volgende moet jy ook kan doen:

- Die knope ken om die vlag aan die vlagtou vas te maak en om die tou om die paal vas te maak.
- Die opvou van die vlae. Oefen ook die korrekte voetbewegings.
- Optree as 'n vlagdraer, saluutoffisier en godsdiensoffisier.

7. SANG

Voorgeskrewe liedjies (2011)

a. Prys die Heer: Voortrekkers sing lied 4
b. Juig al wat leef (al 4 verse): Voortrekkers sing lied 3
c. As die oproep kom vir diens: Voortrekkers sing lied 27
d. Ken jy die land (al 3 verse): Voortrekkers sing lied 28
e. Vlaglied: Voortrekkers sing lied 2
f. Nasionale lied
g. Daar kom die wa
h. Oukraalliedjie
i. Hou Koers lied (vers 1 en 2)
j. Wat maak 'n Trekker (al 2 verse): Voortrekkers sing lied 50
k. O, die Voortrekkerlewe: Voortrekkers sing lied 69

By hierdie punt moet jy die voorgeskrewe liedjies ken, in 'n groep kan saamsing en klassifiseer in een van die volgende groepe:

1. Godsdienstige lied
2. Vaderlandslied
3. Volkslied
4. Voortrekkerlied

Hierdie punt gee vir jou geleentheid om maklik punte bymekaar te maak. Probeer dus van die volgende wenke toepas.

- Maak seker dat jy die woorde en die wysies ken van die voorgeskrewe liedjies.
- Gebruik die FAK en Voortrekkers sing (wit boekie) om vir jou leiding te gee. Die liedere is daarin mooi geklassifiseer.
- Die woorde is op die P/D webblad (pd.voortrekkers.org.za) beskikbaar.
- CD met musiek ("Voorslag sang 2011") is by die depot beskikbaar.

8. SPELE

Hierdie punt gee vir jou geleentheid om maklik punte bymekaar te maak, maar dan moet jy goed voorbereid wees. Probeer dus van die volgende wenke toepas:

- Berei minstens twee spele voor sodat jy 'n keuse het.
- Weet wat van jou as spelleier verwag word.
- Begin reeds vroeg in die jaar om speletjies te beproef deur dit vir jou span aan te bied. Slegs op die manier sal jy weet watter speletjies sal werk en waarvan jou maats nie hou nie. Vra jou offisier om te luister of jy goed verduidelik.
- Probeer onbekende spele kies. Kinders geniet dit meer as die ou bekendes. Jy kan egter ook die bekendes so ietwat verander sodat hulle amper nuut voorkom.
- Indien jy van hulpmiddels soos balle, stokke, klippe, fluitjies of boontjiesakkies gebruik maak, moet jy dit saambring. Hou dit goedkoop, moet nie groot onkostes aangaan nie.
- Maak seker dat almal luister as jy verduidelik.

- Maak seker dat jy almal kan sien en hulle jou kan sien wanneer jy verduidelik.
- Moenie huiwer om die spel te stop as dit nie werk nie.
- Geniet die speletjie saam met die groep.
- Maak seker dat jou speletjie geskik is om binne en buite te speel. Die weer mag dalk op die kamp 'n rol speel.
- Jy kan dink aan 'n prys vir die wenners.
- Maak 'n lysie van die speletjies wat jy voorberei het. Die paneel bepaal watter **een** van die speletjies wat jy voorberei het, jy moet aanbied.

9. SITUASIES

By die afdeling gaan jy die geleentheid kry om binne jou portuurgroep tydens 'n gesprek standpunt in te neem, jou saak te stel, te luister hoe ander oor 'n saak voel en jou eie opinie te vorm. Deur middel van die gesprekke kan die paneel vasstel of jy die Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap (ABC) van Die Voortrekkers jou eie gemaak het en toepas in jou daaglikse optredes.

Jy gaan saam met 'n paar van jou maats sit en gesels oor onderwerpe wat julle van die paneel ontvang. Die onderwerpe is gehaal uit wat julle daagliks beleef en ervaar.

As jy die gespreksleier is:

- Maak seker dat jy weet waaroor jou onderwerp handel.
- Dink eers en praat dan.
- Gee aan elkeen in die groep geleentheid om deel te neem.
- Betrek ook die teruggetrokke een.
- Maak die "baie prater" op 'n mooi manier stil.
- Behou oogkontak met jou groep.
- Luister na elke spreker, maar sorg dat die gesprek wel vorder.
- Stuur die gesprek terug na die onderwerp as julle afdwaal.
- Moenie toneel speel nie, wees jouself.
- Moenie antwoord wat jy dink die paneel wil hoor nie. Gee jou eerlike opinie.

As jy deel van die groep is:

- Dink voor jy praat.
- Moenie ander in die rede val nie.
- Jy mag maar verskil van die ander.
- Luister goed na wat ander sê.
- Motiveer jou redenasies rondom Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap.
- Dit is nie verkeerd om 'n ander se standpunt te aanvaar nie, ook nie om van opinie te verander nie, mits jy nie 'n draadsitter word nie.

Deur gereeld besprekings oor verskillende sake met jou span of gesinslede te hou, kan jy hierdie dinge oefen. Vra jou ouers en offisier vir leiding.

10. VOORTREKKERDRAG

Die netheid en korrekte dra van Voortrekkerdrag is verpligtend vir die duur van die kamp.

Die netheid en korrektheid van die formele drag sal by hierdie punt beoordeel word.

Punte word toegeken vir die plasing en korrektheid van kentekens en drag (volgens reglemente). Maak dus vroeg in die jaar seker dat jou erkenningsbaadjie korrek en die regte grootte is. Bestudeer die aanwerkinstruksies (skets) om seker te maak dat alles reg is.

Indien jy nie 'n ABC en Rangkentekens het nie, maak seker van die spasies wat oopgelos moet word.

Die skei en/of juk moet jou jare diens (uitgesluit jou Graad 7 jaar) weerspieël. **Indien jy nie 'n juk het nie moet die skei alleen in die middel van die spasie aangewerk word**.

Wanneer jy die Voorslagkamp bywoon, moet die Dagbreekgraadwiel en ook die Belofte spesialisasie(s) se kenteken(s) wat jy gedoen het reeds op jou erkenningsbaadjie wees.

Maak seker dat die Dagbreekgraadwiel in die regte plek is. Hy kom heel onder al die graadwiele, in sy eie ry. Die Dagbreekgraadwiel word oorgedra na die Verkenner erkenningsbaadjie. Hy word aangewerk in die plek van die eerste Verkennerkenteken, maar word nie as 'n Verkennerspesialisasie erken nie, dit is slegs erkenning dat jy wel 'n Penkop of Drawwertjie in Graad 7 was.

Jy moet onder andere die volgende weet:

Wat die verskil tussen aktiewe en formele drag is.

Wat elke item op jou erkenningsbaadjie beteken.

Wat die erkende warmdrag is.

Hierdie is die afdeling waar maklik punte behaal kan word as jou drag volgens voorskrif is.



VEREISTES VIR VOORSLAGTOEKENNING

	BRONS	SILWER/GOUD	BONUSPUNTE
1	Diensjare – gr 7	Diensjare – Enige 2 jaar van graad 1 tot graad 6 **plus** gr 7 **(3 jare)**	**Bepalende vereiste: Enige 4 of meer jare diens van graad 1 tot graad 7, insluitend graad 7.**
2	Al die werk in die graad 7 Werkboek suksesvol voltooi het.		Die kind kan op elke afdeling apart bonuspunte kry indien 4 of meer jare diens.
3	**Twee** spesialisasies verwerf het. **Geen** A-gradering spesialisasie. **Geen Belofte-spesialisasie mag hier getel word nie, slegs wanneer daar reeds <u>een</u> ingevul is by die Belofte spesialisasie kolom, mag die <u>tweede</u> een hier ingevul word: geen herhaling nie.**	**Ses** spesialisasies in graad 4, 5, 6 en 7 verwerf het waarvan **minstens** een 'n C gradering het en slegs een as A gegradeer is. **Geen Belofte-spesialisasie mag hier getel word nie, slegs wanneer daar reeds <u>een</u> ingevul is by die Belofte spesialisasie kolom, mag die <u>tweede</u> een hier ingevul word: geen herhaling nie.**	**Agt** spesialisasie tussen graad 4 en graad 7 verwerf het waarvan **minstens** een 'n C gradering het en slegs een as A gegradeer is. **Geen Belofte-spesialisasie mag hier getel word nie, slegs wanneer daar reeds <u>twee</u> ingevul is by die Belofte spesialisasie kolom, mag die <u>derde</u> een hier ingevul word: geen herhaling nie.**
4	**Minstens een** "Belofte" spesialisasie. (Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens).		**Minstens twee** "Belofte" spesialisasies. (Afrikanerkind, Erfgrond, Medemens of Godsdiens).
5	**Een** Gebiedskamp bywoon. **Hierdie kampe en aktiwiteite moet afgehandel wees voor die uitslae bekend gemaak word en die toekenning oorhandig word.**	**Twee** Gebiedskampe bywoon in die graad 4, 5, 6 of 7 jaar. **OF** **een** Gebiedskamp bywoon in die graad 4, 5, 6, of 7 jaar. **PLUS** **twee** Gebiedsgoedgekeurde naweke bywoon gedurende graad 4, 5, 6, of 7 jaar. **Hierdie kampe en aktiwiteite moet afgehandel wees voor die uitslae bekend gemaak word en die toekenning oorhandig word.**	**Minstens vier** Gebiedskampe bywoon in die graad 4, 5, 6 of 7 jaar **OF** **drie** Gebiedskampe bywoon in die graad 4, 5, 6, of 7 jaar. **PLUS** **twee** Gebiedsgoedgekeurde naweke bywoon gedurende graad 4, 5, 6, of 7 jaar. **Hierdie kampe en aktiwiteite moet afgehandel wees voor die uitslae bekend gemaak word en die toekenning oorhandig word.**

	BRONS	SILWER/GOUD	BONUSPUNTE
6	As Seremonieleier en vlagdraer/begeleier kan optree tydens vlaghysing, vlagstryking, vlagpresentering en vlagverwydering. Ook in staat wees om bevele, as lid van die groep, tydens bogenoemde seremonies te kan uitvoer.		
7	Leiding kan neem by groepspele		
9	Leiding kan neem binne sy portuurgroep tydens gesprekke oor situasies binne sy ervaringsveld		
10	Die Voorslagkamp volledig bywoon		
11	Beskik oor volledige Voortrekkerdrag (aktief en formeel) met die korrekte warmdrag.		

Hierdie is die minimum vereistes vir elke toekenning.

Kwalifisering:

Brons: 50%

Silwer: 65%

Goud: 85%

Let op dat die getroue Voortrekker bonuspunte kan verdien. **Bonuspunte word slegs gegee wanneer die kandidaat 4 of meer jaar diens het**. Dit is die bepalende vereiste en daarna kan bonuspunte ook op die ander genoemde afdelings toegeken word.

Die bonuspunte soos dit hierbo staan, kan dus tel vir brons, silwer en goud.

Indien jy aan al die vereistes voldoen, voltooi dan die P1 vorm en gebruik die Riglyne vir die voltooiing van die P1 vorm daarmee saam.

NB: Maak seker dat alle afskrifte van jou kampe en spesialisasies aangeheg is.

Die voorslagkamp datums van elke gebied is op die Nasionale PD webblad beskikbaar: http://pd.voortrekkers.org.za

Moenie bekommer nie!

Veertig persent van dit waaroor ons bekommer, gebeur nooit nie. Dertig persent het alreeds gebeur. Twaalf persent fokus op opinies of situasies waaraan ons niks kan doen nie. Tien persent fokus op ons gesondheid. Slegs agt persent het te make met probleme waarop ons werklik 'n invloed kan uitoefen. Dink net: twee-en-negentig persent van ons kwellings is onnodig! Die betekenis van die Griekse woord vir bekommer is, 'om die verstand te verdeel'. Vrees verdeel ons in twee; dit ontneem ons van ons krag vir vandag, en kan ook nie more se kommer wegneem nie. 'Maar hoe kan ek ophou bekommer?' Paulus gee 'n tweeledige antwoord: God se aandeel en ons aandeel. Ons aandeel sluit gebed en dankbaarheid in: 'Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen.' (Filippense 4:6 NLV). Wil jy

minder bekommer? Bid meer! En wys jou dankbaarheid. En wat is God se aandeel? Luister: 'As julle so bid, sal julle God se vrede beleef. Hierdie vrede is wonderliker as wat 'n mens ooit kan dink. Omdat julle aan Christus behoort, sal die vrede van God julle harte en gedagtes soos 'n veiligheidswag oppas.' (Filippense 4:7 NLV). Hy bied hierdie vrede ook aan jou. Bring jy net jou kant deur dankbaarheid en gebed, en Hy sal Syne bring!

Sterkte met die voorbereiding vir Voorslag.

Aanhangsels: Reglemente oor Seremonies en Voortrekkerdrag.